| 19 September | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 21 SEPTEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:30 |
|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Heinrich Carstens |
| Luk 16:1-13 | Psalm 113; Efes 5:1-11 |

LIG | DEERNIS | HOOP




## Hangklipkerk

## Kleinmondkerk




Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

### DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is vir ons gemeente se Familiebediening.
Op 28 September is vir ons gemeente se **Diens van Barmhartigheid.**







## Ons betuig ons innige simpatie en meegevoel met...

*Die familie en vriende van Susan Winterbach (Sb3) met haar afsterwe .*

*Die troosdiens word op **Woensdag 24 September om 11:00** te Kleinmondkerk.*

# Program vir die week

*Seisoen van die skepping 1 September tot 5 Oktober 2025*

| | | |
|---|---|---|
| **Dinsdag 23 September** | ***09:00*** | Hangklip Gebedsgroep |
| | ***16:30*** | Kleinmond Gebedsgroep (Kapel) |
| **Woensdag 24 September** | | ERFENISDAG |
| **Donderdag 25 September** | ***06:00*** | Hangklip Mannegroep |
| **Vrydag 26 September** | ***06:30*** | Kleinmond Mannegroep |
| | ***15:00*** | Hangklip Jeugbyeenkoms |
| **Saterdag 27 September** | ***15:00*** | Agapé-groep |




## Ons leraars se kontakbesonderhede

**Ds. Heinrich Carstens**
***083 566 1490***
heinrich@ngkogelberg.co.za

**Ds. Leopold van Huyssteen**
**082 707 0676**
leopold2493@gmail.com

**Ds. Kirsten Small**
***079 296 2431***
kirsten@ngkogelberg.co.za

# BASAAR

NGK KOGELBERG BIED AAN

## Lente in Kleinmond

# SATERDAG

# 20 SEPT

## 09:30 - 12:30

- Pannekoeke
- Boereworsrolle
- Roosterkoeke
- Kerrie & rys
- Basaarpoeding
- Lewerkoekies
- Jaffels
- Groente
- Koektafel
- Teetuin
- Kindertafel
- Koffie

## 4 DE LAAN 67

# KLEINMOND

| | |
|---|---|
| Pannekoeke | R10 |
| Jaffels | R30 |
| Kerrie & Rys | R45 |
| Roosterkoeke | R15/R20 |
| Boeries | R35 |
| Lewerkoekies | R10 |
| Basaarpoeding | R20 |
| Koffie/ Tee/ Warm-sjokolade | R20 |
| Lekkergoed | R5-R20 |
| Koeldranke | R10/R15 |
| Water | R10 |
| Koektafel | R70+ |
| Sny koek (Teetuin) | R30 |
| Handwerk | R10+ |
| Kindertafel | R5 |

# HOE WERK DIE KAARTJIES BY DIE *Lentebasaar?*

1. Koop kaartjies tydens die Basaar by die kaartjietafel (kontant, kaart of SnapScan).

2. Jy kies self vir hoeveel rand jy kaartjies wil koop. ***Byvoorbeeld R50.***

**R50** *NG Kogelberg Lentebasaar 20 September*

| | | |
|---|---|---|
| R5 | R5 | R10 |
| R5 | R5 | R5 |
| R5 | R5 | R5 |

3. ***Gebruik die kaartjie soos 'n beursie om by enige tafel of stalletjie iets te kan koop.***

4. Elke keer as jy iets koop, word die bedrag doodgetrek op jou kaartjie.
***Byvoorbeeld:***
***Jy koop 2 pannekoeke teen R10 elk. Jy betaal R20 – en jy het nog R30 oor op die kaartjie om elders te spandeer!***

**R50** *NG Kogelberg Lentebasaar 20 September*

| | | |
|---|---|---|
| ~~R5~~ | ~~R5~~ | R10 |
| ~~R5~~ | ~~R5~~ | R5 |
| R5 | R5 | R5 |

# BELANGRIKE INLIGTING VIR DIE



# Lentebasaar

1. Kaartjies sal by die basaar v**anaf 09:00** te koop wees by die ***Kaartjietafels***.
2. Basaar begin stiptelik om 09:30 - <u>GEEN verkope sal voor 09:30</u> toegelaat word nie.
3. Geen kontant word by die stalletjies/ tafels aanvaar nie - slegs kaartjies.
4. Die Lentebasaar vind plaas by **Kleinmondkerk:**<br>**Vierde Laan 67, Kleinmond van 09:30 - 12:30**

Nuwe Intrekkers



# Baie welkom!

*Bewys van lidmaatskap is ontvang van:*

***Johann Visagie Strauss en Jacob Casper Kruger Strauss*** *van Groblershoop (PM)*

*Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente. Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.*




**Reader's Digest-tydskrifboekies gesoek!**

Het jy dalk nog 'n paar ou Reader's Digest-tydskrifte wat êrens stof vergaar? Die Barmhartigheidskomitee van die Hangklipkerk is op soek na *ongeveer dertig* van hierdie boekies vir 'n kreatiewe uitreikprojek saam met die laerskoolkinders van Mooiuitsig. Indien jy bereid is om van jou tydskrifte af te staan, **kontak asseblief vir Annelie van Staden by 082 464 2390.** Jou bydrae kan 'n verskil maak in 'n kind se dag.

# HELP HULLE ASB. SOOS GOD DIT VERWAG

## 3 Joh 1:6-8

Die getuienisaksie bestaan uit 'n groepie vrywillige lidmate wat die taak het om, as deel van Kogelberg se vele aktiwiteite, die ondersteuning van ons gemeente se sendelinge te behartig.



Johannes, die geliefde dissipel, sê in sy derde sendbrief (3 Joh. 1:6-8) dat ons sulke werkers (sendelinge) moet onderhou, "want hulle ontvang niks van die heidene nie".

- Die getuienisaksie wil asb. ook met die hele gemeente deel dat die bydraes (geloofsoffers vir getuienis) van die afgelope maande merkbaar minder is as wat benodig word om ons 10 sendelinge deurlopend te ondersteun.

- Plaaslik het die kerkraad onderneem om maandeliks R10 000 by te dra tot die salaris van die leraar van ons buurgemeente, die VGK. Dit word, net soos in die geval van ons sendelinge, uit vrywillige bydraes van lidmate oorbetaal. Ook hierdie bykomende offers vir die Here se werk het die afgelope maande erg gekrimp. Die getuienisaksie doen 'n beroep op al ons lidmate om met die gesindheid waarvan die derde Johannes-sendbrief praat, by te dra tot die voortsetting van die leraarspos in ons buurgemeente. Hierdie bydraes kan per bankoordrag gedoen word, of in die kollektesakkie geplaas word. Merk dit asb. VGK-leraar.

- Ons almal is bewus van en opgewonde oor die lentebasaar wat hierdie naweek plaasvind. Mag dit 'n baie geslaagde insameling wees. Die vriendelike versoek van die getuienisaksie is egter ook dat ons almal in gedagte sal hou dat die VGK ook op 4 Oktober basaar hou.

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG

# AGENTE VAN HOOP

## SEISOEN VAN SKEPPING 2025

**Omdat God reeds deur Jesus Christus:**

- die stukkende skepping met Homself versoen het (Kol 1:20)
- en nou besig is om alles nuut te maak en 'n nuwe hemel en aarde te skep (Openb 21)
- waar geregtigheid woon sodat daar vrede in die hele skepping kan wees (2 Petr 3:13)

tree ons soos Jeremia in 'n tyd van chaos, krisis en vernietiging op as agente van hoop wat:

**1. met hoop plant en bewerk** 🌱
• Sluit aan by of begin 'n gemeenskapstuin.
• Ondersteun herstellende landbou en organiese boerderypraktyke.
• Kweek en plant inheemse plante en bome.

**2. met verantwoordelikheid besit** 🏡
• Kies 'n motor wat lig is op brandstof, vermy vinnige versnelling en deel ritte sover moontlik.
• Kies omgewingsbewuste behuising- en energiestelsels.
• Kies klere wat gemaak is van organiese katoen, linne of hennep.

**3. werk vir 'n toekoms vir ons nageslag** 🌎
• Verminder jou koolstofvoetspoor.
• Ondersteun organisasies wat opvoedingswerk met ons jeug doen.
• Vermy enkelgebruik-plastiek so ver moontlik.

📜 **Belofte**
Ons verbind ons daartoe om as agente van hoop en rentmeesters van die Skepper op aarde te leef... om grond in geloof te koop, wingerde in hoop te plant en op te tree met liefde vir 'n land wat nog nie herstel is nie, terwyl ons vertrou op dié God wat alle dinge genees.

Jeremia 32:15: "Daar sal weer huise en grond en wingerde in hierdie land gekoop word."

'n Avontuur vir die hele familie.



NGK KOGELBERG

# JEUG- en FAMILIEKAMP

## 9 - 11 OKTOBER



Aktiwiteite en vermaak vir die jeug gedurende die dag (08:00-17:00). Volwassenes sluit aan by die aandprogram & kamp ook saam met die kinders as familie.



**R200 per kind**

**KLEINMOND KARAVAANPARK**

**Tentstaanplek R300/nag**
*4 persone

**Aktiwiteite....**

- Basiese Waterveiligheid
- Boom Bome Boompie
- Nou gaan ons BRAAI
- Ritme van die Jembe
- Skokkende ontdekking
- Boeresport
- Lofsang en Bybelstudie

**Aanbieders...**

Kleinmond Swim School/ NSRI
Eko-bediening
SOS-span
Handevat Musiek Projek
Oom Riaan
SOS-span
Worship-span

**Besprekings: info@ngkogelberg.co.za**

## 20 September

Chris Geldenhuys 082 900 8299(PB2b)

Anlie Lemmer 084 642 2275(Sc1)

Marie Malan 083 488 3014 (PM4)

Maryna Scheepers 084 575 4696 (Sb3)

## 21 September

Adriaan Halgryn (PB1)

Arno Hattingh (BB3)

Talitha Joubert (KB1)

Gerrit Möller 082 543 8901 (BB6)

## 22 September

Gert Havenga 082 807 4503 (PB2c)

Magdel Kruger 084 657 6301 (Sb2)

Anita Olivari 082 661 5201 (Ba1a)

Susan Reynolds 083 448 9053 (KB3)

Marie Ross-Swart 083 212 5277 (Sb4)

WP Strauss 083 431 1634 (PM5)

Chanri Van Vuuren (Ba2)

Wiekie Verhave 082 895 0957 (BB5)

Mercia Wentzel 076 165 3601 (PB2b)

## 23 September

Albertus Bezuidenhout 071 686 9308 (PM1)

Jacques Bosman 072 197 3034 (Sa3)

Jenny De Vos 073 613 6413 (BB3)

Elna Logie 083 384 0846 (KB5)

Anneline Strydom 074 898 7848 (Sa3)

## 24 September

Krynauw Burger 072 908 6768 (PB2c)

Daan Coetzee (KP1)

Haley De Wet (BB1b)

Isabel Du Plessis 072 677 8832 (KP1)

Lettie Griffith 083 561 5803 (PB1)

Dana Kellerman 065 517 5588 (KB5)

## 25 September

Pietie Engelbrecht 082 375 0331 (Bb2)

Adri Garbers 082 226 0795 (Bb3)

Elizabeth Janse van Rensburg (Sb4)

Jan Jordaan 079 931 0379 (Sa2)

Chris Wernich 082 376 1513 (Sa3)

## 26 September

Anette Bester 082 334 3629 (Sb1)

Hubert Bock 082 572 1403 (KB1)

Thomas Bolton (HK3)

Martin Groenewald 072 638 2055 (Bb1)

Theuns Henn 074 102 6687 (KB1)

Heidi Hickley 083 348 1782 (KB1)

Reinier Lombaard 082 900 1028 (PB2b)

Dawn Scholtz 082 630 7108 (Sa1)

# Verjaarsdae!

# Modeparade

## Tafels + Gaste

Saterdag 13 September 2025 11h00



Met liefde gemaak deur Joanne


















Modeparade
Items + Modevertoning
Saterdag 13 September 2025 11h00
Met liefde gemaak deur Joanne

















# Fynbos

Ons is besig om **WOL** in te samel vir 2 opwindende projekte. As jy enige oortollige of ekstra wol wil skenk sal dit baie waardeer word. Alle kleure, helder of lig, dik/duk of dun, groot bolle of klein bolle, self tou is ook welkom. Jou bydrae sal help om kreatiwiteit en warmte aan albei gemeenskapsinisiatiewe te bring.

**Afleweringspunte:**

1) Fynbos Dienssentrum, 1ste Laan in groot mandjie gemerk WOL, by voordeur.
2) NGK, 4de Laan, Kleinmond , in TYD-ruimte in mandjie gemerk WOL.

Sperdatum: 15 November 2025

Kontak: Elaine 072 207 9588

Patricia: 028 271 3602

Kleinmond

# Vrouebybelstudie

## Dinsdag 23 September

*<u>Bb 1 tot 4</u> - 15:00 - 10 de Straat 34 - Bessie van der Walt*

*<u>Sa 3 & 4</u> - 15:00 - 1ste Laan 111 - Joan Marnewick*

## Donderdag 9 Oktober

*<u>PM 1,2, 4 & 5</u> - **15:00** - Alheitstraat 33 - Daphné Loots*

Ons sondes en ons deugde

# Vrees

Alhoewel dit nie een van die oorspronklike doodsondes is nie, sluit ons ons studie van die sondes hiermee af. Vrees is ’n baie sterk emosie. Baie mense reken dit is die werklike grond van al die ander negatiewe emosies. Op sigself is vrees nie ’n sonde nie, maar sommige mense meen dit sit agter baie sondes.

## 1. Wat is jou grootste vrees?

1.1 Kom ons dink ’n bietjie oor vrees. Mense se grootste vrese is dikwels irrasioneel, maar baie spesifieke en baie werklik. Dit word dan fobies genoem. Waarvoor het julle sulke irrasionele vrese?

1.2 Op ’n meer ernstige noot: Waarvoor is jy bang? Wat is jou grootste vrees?

## 2. Wanneer is vrees ’n goeie ding?

## 3. Vrees in die Bybel

In die Bybel lees ons lees dikwels van mense wat bang was. Wat vrees die volgende persone of groepe?

3.1 Adam en Eva (Gen 3:8-13)

3.2 Jakob (Gen 42:35-38)

3.3 Moses se vlug na Midian (Eks 2:12-15)

3.4 Moses se roeping (Eks 3:10-12, Eks 4:10-13)

3.4 Israeliete en die goue kalf (Gen 32:1)

3.5 Verspieders in die beloofde land (Num 13:27-28, 31)

3.6 Jeremia (Jer 1:4-7, 17-19)

3.7 Met wie se vrees kan jy identifiseer?

## 4. Die gevolge van vrees

4.1 Kyk weer na die Skrifgedeeltes hierbo en probeer vasstel waarom hulle bang was. Wat was die gevolge van hulle vrese? Was hulle met reg bang? Wat het die meeste vergeet?

4.2 Hoe kan ons vrees tot sonde lei?

4.3 Dis goed om te onthou dat vrees negatiewe sowel as positiewe gevolge kan hê. Wanneer is die gevolge negatief? Wanneer positief?

## 5. ’n Geheime wapen

As gelowiges het ons ’n “geheime wapen” teen vrees. Vrees hoef nie die oorhand te kry nie. Wat is ons “wapen”?

5.1 1 Joh 4:18 Waar liefde is, is daar geen vrees nie.

5.2 2 Tim 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

5.3 Matt 10:30 Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. 31 Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.

5.4 Jes 41:10 Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

5.5 Ps 56:4 Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. 5 In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?

## 6. Die teenoorgestelde van vrees

6.1 Dis nie dapperheid nie! Wat is dit dan?

6.2 Kom daar ooit ’n stadium wanneer ’n mens kan sê “Ek het al my vrese oorwin Ek is vir niks meer bang nie”?

# FLORA KUNS

Kom leer om te skets
en verf met
waterverfpotlode.

**R200 pp**

**Sluit alle toebehore in**



Anmy Swanepoel-Kitshoff, gebore in 1968 in Brooklyn, Pretoria, waar sy Kuns aan Pretoria Technikon studeer het, woon die afgelope tien jaar in die omgewing en fokus veral op haar kuns.

## 17 OKTOBER
## 13:00-16:00

## HANGKLIPKERK
## PILLANSIAWEG 2



Blommekuns met waterverfpotlode

**Beperkte sitplekke beskikbaar. Bespreek jou plek teen 30 September by hanlieduppie@gmail.com**

# KLEINMOND

# FYNBOS FEES FESTIVAL

## 3 - 11 OKTOBER 2025

### Tema:

***Kleinmonders in die Biosfeer***

***Biosphere living in Kleinmond***



### Program:

- Fynbos van a - z
- Uitstallings
- Fynbos proe
- Voëls in die fynbos
- 'n Musikale Rendezvous
- Leef in die Biosfeer
- Begeleide uitstappies
- Rooisand se wilde perde
- Jeugprogram

*Vir meer inligting, besoek:*

*www.kleinmondnbv.co.za*

KLEINMOND natuur | indalo | nature

50 Jaar van beskerming
Years of protecting




## SOUTH AFRICAN WILD FLOWERS AND THEIR POLLINATORS

# KLEINMOND FYNBOS FEES FESTIVAL

**Tickets:** R150 pp
**Book:** Quicket.co.za

**3 October 2025**

KLEINMOND
natuur | indalo | nature
50 Jaar van beskerming
Years of protecting

18.30 for 19.00
NG church hall
1st Ave, Kleinmond




GROEPGESPREKKE | 21 - 27 SEPTEMBER 2025

**1. Gesels bietjie saam...**

- Onthou jy nog die speletjie DONKERKAMERTJIE wat ons kleintyd gespeel het? Gesels bietjie met mekaar oor julle ervaring daarvan. Hoe het dit jou laat voel? Was jy bang? En as jy "gevind" word?
- Wie hou van die feit dat dit nou weer soggens vroeër begin lig raak en die dae so bietjie langer is? Hoekom? Of hoekom nie?
- Die Psalmdigter vra in Psalm 113:5: *"Wie is soos die Here onse God, die Een wat in die hoogtes troon, wat Hom neerbuig om na die hemel en die aarde te kyk?"* Deel met die groep waar jy die afgelope week 'n hoogtepunt ervaar het, en ook waar jy dalk 'n laagtepunt beleef het. Hoe het jy God in hierdie oomblikke ervaar?

**2. Ons storie nou...**

- Wat dink jy is die verskil tussen die beeld wat iemand uitstraal na ander en dit wat hy/sy regtig van hulleself weet? Ons dra mos maar almal maskers, of hoe?
- Hoekom - dink julle - is dit so moeilik vir ons om by ons 'Ware Self' uit te kom?
- Wat sou jy sê is jou identiteit? Wat bepaal 'n mens se identiteit?

**3. God se storie...**

- Lees Psalm 113 rustig saam deur. Daar is twee temas wat hoop gee op grond van God se karakter
  - God is hoog bo alles, maar Hy buig Hom laag om die armes en behoeftiges op te hef.
  - Hy bring waardigheid, vreugde en herstel—Hy verhef mense uit die stof.
- Gesels oor Psalm 113
  - Hoe word God se optrede teenoor die geringes en behoeftiges beskryf?
  - Op watter manier gee dit vir jou hoop as individu of vir ons as gemeenskap?
- Lees Efesiërs 5:1-11 saam waar die volgende temas uitstaan:
  - As God se kinders moet ons Sy voorbeeld volg en Hom so uitstraal.
  - Die kontras tussen lig en donker, sonde en geregtigheid/heiligheid word uitgebeeld.

- Gesels oor Efesiërs 5:1-11
    - Hoe kan ons op 'n praktiese manier vir God "navolg" en "lewe in liefde"?
    - Hoe sluit 'n "lewe in liefde" aan by die opdrag om te leef as "mense van die lig"?
    - Waarom - dink julle - gebruik Paulus hierdie beelde van lig en duisternis?
    - Watter vers het vir jou uitgestaan? En hoekom?

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Die feit dat ons kinders van God is en Sy voorbeeld navolg moet 'n verskil maak in die wêreld waarin ons leef. Hoe kan jy - of julle as groep - deur julle lewe hoop bring in 'n stukkende wêreld? Wees prakties en verbind julleself dan daartoe om te doen wat julle voorgestel het.
- Gesels oor die volgende stelling: "Hope is not blind optimism; it's confidence in God who lifts us from the ashes and calls us to shine."
- Vertel vir mekaar van geleenthede in jou lewe waar jy met ware hoop vervul is, omdat jy die teenwoordigheid van God beleef het in 'n (menslik gesproke) hopelose situasie.

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord in die week wat kom.

- Maandag 22 September - Psalm 113
- Dinsdag 23 September - Psalm 146
- Woensdag 24 September - Amos 6:1-7
- Donderdag 25 September - 1 Timoteus 1:6-19
- Vrydag 26 September - Lukas 16:19-31
- Saterdag 27 September - Lukas 16:19-31